**VRAESTEL 4 VRAAG** **100 punte**

## Agtergrondinligting

Smart-Pack (Edms) Bpk (‘Smart-Pack’) is in Januarie 2010 deur Alicia Florrick en haar man, Peter Florrick, geïnkorporeer. Smart-Pack is ŉ Suid-Afrikaanse maatskappy in privaatbesit, met Alicia as die Hoof Uitvoerende Beampte en Peter as die Hoof Finansiële Beampte. Nóg Alicia nóg Peter is geoktrooieerde rekenmeesters, maar albei het uitgebreide ervaring in die bedryf van suksesvolle besighede. Die maatskappy het drie nie-uitvoerende direkteure op die Direksie. Die maatskappy se hoofkantoor is geleë in die Waterfall Business Park in Johannesburg, met ŉ vervaardigingsaanleg en pakhuis in die aangrensende stad van Germiston.

Smart-Pack het oor die jare vinnig gegroei tot ŉ mediumgrootte vervaardigingsmaatskappy wat verskeie vorme van verpakkingsoplossings soos plastiekwinkelsakke, kartonbokse, kratte en polistireenbasisse aan sy wye en gevestigde klantebasis verskaf. Om verkope aggressief te stimuleer, het Smart-Pack sy besigheid gedurende Januarie 2018 suksesvol na Afrika, suid van die Sahara (hoofsaaklik Lesotho en Botswana), uitgebrei. Smart-Pack is as ŉ kategorie C-ondernemer vir belasting op toegevoegde waarde (BTW) geregistreer.

Die vorige ouditeur het weens onversoenbare verskille tussen die aanstellingsvennoot en Smart-Pack se Direksie, op 16 November 2018 met onmiddellike effek bedank. Die verskille het verband gehou met die ouditfooie wat gehef is. Decker en Young Ing. (‘Decker en Young’) is gevolglik op 30 November 2018 as die nuwe onafhanklike eksterne ouditeur vir die 31 Desember 2018 jaareindoudit aangestel. Decker en Young is ŉ mediumgrootte oudit-, belasting- en adviesfirma. Die vorige ouditeure het wel hul werkspapiere van vorige jare aan Decker en Young beskikbaar gestel en die nuwe aanstellingsvennoot is op grond daarvan tevrede dat daar op alle beginsaldo’s vir die huidige finansiële jaar se oudit vertrou kan word.

Smart-Pack ondervind tans kontantvloeiprobleme en dryf handel op die limiet van sy oortrokke fasiliteite. Alicia het dus gevra dat die getekende geouditeerde finansiële state teen 4 Februarie 2019 beskikbaar moet wees, aangesien Smart-Pack by Invest Bank wil aansoek doen om verhoogde oortrokke bankfasiliteite. Invest Bank vereis geouditeerde finansiële state wat aan International Financial Reporting Standards (IFRSs) voldoen. Die maatskappy se swak kontantvloeiposisie is grootliks te wyte aan swak bestuur van die bedryfskapitaal. Die swak bedryfskapitaalbestuur is eerstens in die Suid-Afrikaanse bedrywighede opgemerk, maar is vererger deur die verhoogde produksiebehoeftes ten einde die nuwe besigheidslyne in Lesotho en Botswana te bedien.

Jy is ŉ eerstejaar leerlingrekenmeester in die oudit- en gerusstellingsafdeling van Decker en Young wat op vervaardigingsondernemings fokus. Bykomend tot die bostaande inligting het jy die onderstaande ontvang:

| Dokument-verwysing | Beskrywing |
|---|---|
| Memo A | Aantekeninge van ŉ vergadering met die maatskappy se aankoper |
| Memo B | Beplanningsaantekeninge oor handelsbedrae ontvangbaar en verwante items |
| Werkspapier C01 | Steekproef van handelsbedrae ontvangbaar geselekteer vir gedetailleerde toetsing |
| Werkspapier T05 | Belastingtoelaes vir handelsbedrae ontvangbaar |


© SAIGR 2019

## MEMO A AANTEKENINGE VAN 'N VERGADERING MET DIE MAATSKAPPY SE AANKOPER

### 1 Personeel

Smart-Pack se aankope-afdeling bestaan slegs uit Xolani Gwebe, die maatskappy se aankoper, wat sedert die ontstaan van die maatskappy by Smart-Pack werk. Alhoewel hy uitermatig besig is, het hy by meer as een geleentheid bestuur se aanbod om 'n bestelklerk aan te stel om hom in die aankope-afdeling by te staan, van die hand gewys.

Die bestuurder van die grondstofpakhuis, Julius Sibanda, het drie pakhuis-assistente, wat gesamentlik verantwoordelik is vir die ontvangs van grondstowwe vanaf verskaffers en die selektering en uitreiking van grondstowwe vir die produksieproses. Na afhandeling van die produksieproses word die finale produkte in die voltooide-goederepakhuis, wat deur Bob Martins en twee pakhuis-assistente hanteer word, geberg.

### 2 Bestellings

Xolani is verantwoordelik vir die plasing van bestellings by verskaffers. Hy baseer besluite in verband met watter items en hoeveelhede verkry moet word op 'n Excel-spreiblad, waarop hy tred hou van sy bestellings en van die hoeveelhede wat voorheen bestel is, asook van die besonderhede van verskaffers se promosieverkope en spesiale aanbiedinge.

Xolani gebruik 'n aankope-stelsel om 'n voorafgenommerde bestelling in duplikaat te genereer. Die oorspronklike bestelling word per e-pos aan die verskaffer gestuur en 'n afskrif word in 'n bestelling-afwaglêer gehou. Xolani kan pryse op die bestellings soos benodig opdateer en verander, na gelang van die huidige pryse wat met die verskaffers beding word.

Smart-Pack gebruik nie 'n deurlopende voorraadstelsel nie. Maandelikse voorraadtellings in die grondstofpakhuis word deur Julius uitgevoer, en dié in die voltooide-goederepakhuis deur Bob.

### 3 Voorkeur met aankoop van voorraad

Die onderstaande inligting ten opsigte van voorkeur met aankope is uit samesprekings met Xolani verkry:

In die lig van die verwagte toename in verkope vanweë die Botswana- en Lesotho-besigheidslyne, het Alicia op 1 Januarie 2018 'n gewaarborgde verskafferskontrak met Paper & Plastics (Edms) Bpk ('P&P') onderteken. P&P is 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat grondstowwe soos plastiek, papier en hout aan vervaardigingsmaatskappye in Suid-Afrika verskaf. Alicia se pa is P&P se meerderheidsaandeelhouer.

Ingevolge die kontrak sal P&P voorkeur verleen aan die verskaffing van grondstowwe aan Smart-Pack. 'n Fasiliteringsfooi is bykomend tot die gedokumenteerde kontrakprys betaal ten einde te verseker dat P&P die lewering van voorraad aan Smart-Pack sal prioritiseer. Hierdie bykomende fasiliteringsfooi, ten bedrae van R2 800 000, is slegs tydens persoonlike ontmoetings tussen Smart-Pack se bestuur en P&P bespreek, en is nie in die kontrak gedokumenteer nie. Smart-Pack se bestuur het besluit om die betaling as deel van die lynitem 'koste van verkope' te verantwoord, aangesien hulle van mening is dat hierdie fasiliteringsfooi noodsaaklik is om die verskaffing van voorraad aan Smart-Pack te verseker. Alicia het verder aangevoer dat die insluiting van die fasiliteringsfooi by die koste van verkope-lynitem sou verseker dat dit nie te veel aandag van die ouditeure sou kry nie, aangesien koste van verkope die grootste koste-lynitem in die maatskappy se staat van wins of verlies is.


© SAIGR 2019

## MEMO B BEPLANNINGSAANTEKENINGE OOR HANDELSBEDRAE ONTVANGBAAR EN VERWANTE ITEMS

Christine Tlaka is die senior rekenmeester vir verkope en handelsbedrae ontvangbaar en het uitgebreide toepaslike ervaring. Sy is nie ŉ geoktrooieerde rekenmeester nie, maar sy het ŉ Baccalaureusgraad in Rekeningkundige Wetenskappe. Sy word bygestaan deur John Mzini, ŉ deeltydse, derdejaar rekeningkundestudent.

Al Smart-Pack se verkooptransaksies vind op 30 dae krediet vanaf die faktuurdatum plaas, onderworpe aan bepalings en voorwaardes. Smart-Pack het nie tans skriftelike verkoopooreenkomste met hul klante nie. Alle fakture word vergesel van afleweringsnotas, wat met aflewering deur die betrokke klant onderteken word.

Wanneer klante bestellings plaas (gewoonlik telefonies), reik Christine fakture uit met verwysing na die pryslys wat Peter op ŉ maandelikse basis goedkeur.

Die uitbreiding van Smart-Pack se besigheid na Lesotho en Botswana was ŉ groot sukses. Daar is geleenthede vir beduidende groei in albei hierdie lande, asook ander Afrikalande. Smart-Pack se verkope het gevolglik beduidend gegroei in vergelyking met die vorige jaar. Verkope aan klante in Lesotho en Botswana word in die toepaslike buitelandse valuta gefaktureer en direk aan die klante gelewer.

Smart-Pack voer nie tans rekonsiliasies op enige van sy klanterekeninge uit nie, maar stuur wel maandeliks state per e-pos aan alle klante. Betalings ontvang vanaf ŉ spesifieke klant word eerstens toegewys aan daardie klant se faktuur wat die langste uitstaande is.

Die onderstaande is ŉ uittreksel uit die finansiële verslagdoeningstelsel:

| | **Aant.** | **2018** | **2017** |
|---|---|---|---|
| | | **R** | **R** |
| Verkope in Suid-Afrika | | 25 630 000 | 32 000 000 |
| Verkope in Lesotho | | 17 440 000 | – |
| Verkope in Botswana | | 18 400 000 | – |
| **Totale verkope** | | **61 470 000** | **32 000 000** |
| Koste van verkope | B1 | (48 258 500) | (22 500 000) |
| **Bruto wins** | | **13 211 500** | **9 500 000** |
| **Netto wins / (verlies)** | | **(47 750)** | **(1 425 450)** |

**Aantekening**

B1 Die fasiliteringsfooi van R2 800 000 wat aan P&P betaal is om voorkeur met die aankope van voorraad te verseker, is by die FJ2018 koste van verkope-syfer ingesluit.

| **Beskrywing** | **Aant.** | **2018** | **2017** |
|---|---|---|---|
| | | **R** | **R** |
| **Totale handelsbedrae ontvangbaar** | | **14 612 100** | **5 752 000** |
| Klante van Suid-Afrika | | 5 460 100 | 5 752 000 |
| Klante van Lesotho | | 4 352 000 | – |
| Klante van Botswana | | 4 800 000 | – |
| Toelaag vir kredietverliese | B2 | (1 513 452) | (1 162 800) |
| **Netto handelsbedrae ontvangbaar** | | **13 098 648** | **4 589 200** |
| | | | |

| Beskrywing (vervolg) | Aant. | 2018 | 2017 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| Totale voorraad | | 7 612 500 | 3 170 000 |
| Handelsbedrae betaalbaar | B3 | (7 785 671) | (3 432 860) |
| Oortrokke bank | | (5 650 700) | (2 838 600) |
| Totale ander nie-bedryfslaste | | (14 286 094) | (12 994 946) |
| Totale ander nie-bedryfsbates | | 6 670 989 | 7 565 280 |
| Aandeelhouersekwiteit en reserwes | | 2 826 876 | 2 779 126 |
| | | | |

**Aantekeninge**

B2 Die gedetailleerde berekening van die toelaag vir kredietverliese is by Peter beskikbaar. Handelsbedrae ontvangbaar bevat geen beduidende finansierings-komponent nie. Smart-Pack gebruik die voorsieningsmatriks as die praktiese hulpmiddel wat deur IFRS 9, *Financial Instruments* voorgestel word.

B3 Die aankope van alle grondstowwe wat vir vervaardiging gebruik word is op krediet, betaalbaar binne 30 dae vanaf die faktuurdatum.


© SAIGR 2019

| **Werkspapier** | | **C01** |
|---|---|---|
| **Klant:** Smart-Pack (Edms) Bpk | **Voorberei deur:** ONP | **Datum voorberei:** 3/1/2019 |
| **Jaareinde:** 31/12/2018 | **Nagesien deur:** | **Datum nagesien:** |
| **Onderwerp:** Steekproef van handelsbedrae ontvangbaar geselekteer vir gedetailleerde toetsing | | |

Die uitvoeringswesenlikheidsyfer (Eng.: 'performance materiality figure') van R285 000 het daartoe gelei dat die onderstaande steekproef van handelsbedrae ontvangbaar vir gedetailleerde toetsing geselekteer is:

| **Klant-nommer** | **Beskrywing** | **Land** | **Aant.** | **Dae uitstaande** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | **120+** | **90+** | **60+** | **30+** | **Lopend** | **Saldo** |
| | | | | **R** | **R** | **R** | **R** | **R** | **R** |
| DA001 | Silva Packaging | Suid-Afrika | | 110 000 | – | – | 75 800 | 381 000 | 566 800 |
| GF008 | Foodies Supplies | Suid-Afrika | C1 | – | – | 142 750 | 38 880 | 110 974 | 292 604 |
| TW010 | Thela Winery | Suid-Afrika | | – | – | – | 27 000 | 1 345 500 | 1 372 500 |
| AD035 | Distill Africa | Lesotho | C2 | 925 000 | 525 300 | 800 000 | 415 600 | 1 500 000 | 4 165 900 |
| AB041 | BotAir | Botswana | | – | – | 551 800 | 650 000 | 1 890 000 | 3 091 800 |
| **Totaal** | | | | **1 035 000** | **525 300** | **1 494 550** | **1 207 280** | **5 227 474** | **9 489 604** |

**Aantekeninge, gebaseer op besprekings met Christine**

C1 Die saldo van R142 750 in die 60 dae uitstaande-kolom is vir invordering aan Smart-Pack se prokureurs oorhandig aangesien daar ŉ dispuut is oor die bedrag wat verskuldig is.

C2 Die totale saldo van hierdie rekening is tans in dispuut omdat BTW teen 15% vir die klant, wat ŉ verklaarde buitelandse adres op die faktuur het, gehef is. By navraag het dit geblyk dat Peter nooit die uitset-BTW op die VAT201-opgawe verklaar het nie. Hy het egter wel die BTW-bedrag by sy verkoopsyfers ingesluit.


© SAIGR 2019

| **Werkspapier** | | **T05** |
|---|---|---|
| **Klant:** Smart-Pack (Edms) Bpk | **Voorberei deur:** KLM | **Datum voorberei:** 15/1/2019 |
| **Jaareinde:** 31/12/2018 | **Nagesien deur:** | **Datum nagesien:** |
| **Onderwerp:** Belastingtoelaes vir handelsbedrae ontvangbaar | | |

Steekproef geselekteer uit oninbare skulde afgeskryf:

| Klanterekening | Beskrywing | R (BTW ingesluit) |
|---|---|---|
| DW044<br>Pet World | Op 10 Januarie 2019 in kennis gestel dat die klant insolvent verklaar is. Bedrag hou verband met Faktuur 31240 wat op 27 Augustus 2018 uitgereik is | 419 750 |
| WB063<br>We-Pack | Na ŉ lang dispuut weier die klant steeds om die uitstaande Faktuur 43187, wat op 31 Julie 2018 uitgereik is, te betaal | 73 370 |

Steekproef van items ingesluit in die toelaag vir kredietverliese soos op 31 Desember 2018:

| Klanterekening | R (BTW ingesluit) |
|---|---|
| FS081<br>Mnr Street<br>Toelaag hou verband met ŉ voorskot aan ŉ personeellid wat later afgedank is | 81 500 |
| LG113<br>Lucky Gin Distillery<br>Hou verband met Faktuur 49001 wat op 30 September 2018 uitgereik is | 250 000 |
| BS064<br>Bespoke Packets<br>Hou verband met Faktuur 49052 wat op 5 Oktober 2018 uitgereik is | 160 200 |
| **Totaal** | **491 700** |

Die Kommissaris van die Suid-Afrkaanse Inkomstediens het ŉ 25% toelaag vir kredietverliese goedgekeur.


© SAIGR 2019

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGHEID, JUNIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 4**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAESTEL 4 DEEL I VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bespreek, met betrekking tot die R2 800 000 fasiliteringsfooi betaal aan P&P en die BTW-hantering van verkope aan Distill Africa, enige bekommernisse wat jy moontlik mag hê met betrekking tot die etiese en korporatiewe beheerpraktyke van Smart-Pack se bestuur. | 14 | |
| | *Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | *1* | 15 |
| (b) | Stel, met verwysing na die agtergrondinligting en werkspapier C01, ’n konsep memorandum aan Alicia op, waarin jy die faktore wat die effektiewe bestuur van Smart-Pack se bedryfskapitaal vir FJ2018 beïnvloed het, krities ontleed. Sluit aanbevelings om hierdie geïdentifiseerde faktore aan te spreek, in. | 15 | |
| | *Kommunikasievaardighede – uitleg en struktuur* | *1* | 16 |
| (c) | Adviseer Alicia, met verwysing na werkspapier T05, oor die belastingimplikasies vir Smart-Pack vir die 2018 en 2019 jare van aanslag. Ondersteun jou advies met berekeninge. | 10 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | *1* | 11 |
| **Totaal vir deel I** | | | **42** |


© SAIGR 2019

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGHEID, JUNIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 4**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ŉ afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAESTEL 4 DEEL II VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (d) | Stel, met verwysing na die agtergrondinligting, memo B en die steekproef van handelsbedrae ontvangbaar in werkspapier C01, die stawende ouditprosedures op wat vereis word om die onderstaande saldo's wat in die finansiële state van Smart-Pack vir FJ2018 openbaar gemaak moet word, te verifieer:<br>(i) Toelaag vir kredietverliese; en<br>(ii) Bruto saldo van handelsbedrae ontvangbaar.<br><br>*Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | <br><br><br><br><br>6<br>24<br><br>*1* | <br><br><br><br><br><br><br><br>31 |
| (e) | Stel, met verwysing na memo A, ŉ e-pos aan die bestuur van Smart-Pack op wat deur die ouditvennoot nagegaan moet word, waarin jy –<br>• enige swakhede in interne beheer in memo A (die reëling in verband met die voorkeuraankope van voorraad uitgesluit) bespreek; en<br>• kommentaar lewer op die potensiële impak van elk van hierdie swakhede op Smart-Pack.<br><br>*Kommunikasievaardighede – uitleg en struktuur* | <br><br><br><br><br><br>12<br><br>*1* | <br><br><br><br><br><br><br><br>13 |
| (f) | Met verwysing na die agtergrondinligting en memo B –<br>(i) bespreek die faktore wat jy in ag sou neem wanneer jy die risiko van wesenlike wanvoorstelling in verband met die ontoepaslike gebruik van die lopende-saak grondslag van rekeningkunde in die 2018 finansiële jaarstate van Smart-Pack, beoordeel; en<br>(ii) formuleer die stawende ouditprosedures wat uitgevoer behoort te word in reaksie op die beoordeelde risiko van wesenlike wanvoorstelling.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | <br><br><br><br>7<br><br><br>6<br><br>*1* | <br><br><br><br><br><br><br><br><br>14 |
| **Totaal vir deel II** | | | **58** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |


© SAIGR 2019